**Saterdag 26 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:137-144 (AFR2020)**
**Fokusgedeeltes: Psalm 119:139-140, 141, 143**

**Niks kan ons van vreugde in die Here en sy Woord roof nie**

Ontstel dit jou ook as mense die Here se Woord vergeet? Die digter sê met verse 139-140 dat dit hom geweldig ontstel! Die rede is sy ywer vir die Here en sy Woord! Die Here se Woord is absoluut suiwer, bevat geen fout of leuen nie. Hy treur oor God se oneer en nie oor sy eie swaarkry nie. Sy liefde vir die Here en daarom sy liefde vir sy Woord oortref alles!

Mag ons liefde vir die Here en sy Woord ons aanspoor om sy liefde teenoor alle mense uit te straal, teenoor gelowiges, ongelowiges. Die Here se Woord is nie net suiwer nie, dit is ook suiwerend, vir jou en die mense aan wie jy dit oordra.

Die digter sê in vers 141 dat hy verag voel in die publieke oog. Tog, die veragting deur mense kan hom nie van die Here, sy Woord en die waarheid daarvan laat vergeet nie. Weet jy, dit is beter om klein en verag in mense oë te wees as om verwaand trots en beterweterig te wees en vir ander te wil leer: Laat ek nou vir jou sê! Jy kan klein wees in die oë van mense, maar in die Here se oë is jy ontsettend kosbaar, sy kind! Hou vandag hieraan vas, want God is groot en stuur jou vandag die wêreld in.

Die digter sê in vers 143 dat sy benoudheid en angs deur sy vyand veroorsaak is en dit lê swaar op hom, maar dit kan nie sy vreugde in die Here en sy gebooie steel nie! Ons is net mense wat benoudheid en angs beleef. Tog, ten spyte daarvan werk die Heilige Gees in ons om ons vreugde nie in die menslike oorwinnings te vind nie, maar in die Here en sy gebooie, sy Woord. Niks kan ons van vreugde in die Here en sy Woord roof nie! Ja, ons is reeds saam met Jesus Christus meer as oorwinnaars! Vreugde in die Here en sy gebooie is groter as my benoudheid en angs!

*Sing: Psalm 119-1:50, 51*
*Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)*